

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

In 1652 is deur die „Oost-Indische Compagnie” aan die Kaap de Goede Hoop een verversingstasie gevestig vir die skepe op hulle reis na en van Oos-Indië. Alles het vereers om hierdie doel ontwikkel. Gaandeweg is daar egter verder plase uitgelê, terwyl veeboere vanself die landpale uitgebrei het.

Die handel het langamerhand toegeneem, eers met skepe van die Kompanjie, langs die wettige weg, ook onder sekere bepalinge, met vreemde skepe.

Die Kompanjie het egter nie wil voel dat daar gaandeweg ’n eie toestand van sake gegroei het nie, wat dit nie meer moontlik gemaak het om die nedersetting alleen as ’n besigheids-onderneming te beskou nie, en nieteenstaande duidelike waarskuwings ¹⁾ is voortgegaan met die politiek, wat, bygestaan deur wan-administrasie en oneerlike amptenare, die snel opbloeiende handel by sy begin geknak het. ²⁾

Die band tussen die voorste boere en die Kaap is hierdeur verswak en isolasie aangemoedig. Later het hulle miskien nog eenkeer per jaar Kaap-toe getrek om hulle produkte te verhandel, maar toe die smous sy jaarlikse rondte begin doen het, was winkel, koerant en poskantoor tog minstens een keer per jaar, vlak voor die deur. ³⁾ ’n Besoek aan die Kaap was dus alleen maar noodsaaklik in besondere gevalle, soos trou en dgl.

Aan die begin van die neëntiende eeu kon die bevolking aan die Kaap verdeel word in: — (a) inwoners van Kaapstad; (b) die kring boere wat nog in gedurige kommunikasie met die stad gestaan het, en (c) die grensboere wat die Kaap maar selde besoek het. Ewewydig met hierdie kringe was daar ook waar te neem ooreen-

¹⁾ Memorie over de Caap de Goede Hoop, 1784: J. P. van Braam.

²⁾ Wieringa: De Oudste Boeren Republieken: blss. 11, 12, 13.

³⁾ Theal: History of South Africa before 1795: Dl. III.

stemmende beskawings-, ontwikkelings- en kultuurkringe. In die stad self was kosbare huise met van die pragtigste meubels, maar verder van die sentrum af het dit alles minder geword, totdat daar alleen oor was die kleihuis met sy grondvloer en dak van boomstamme of bamboesstokke, met gras bedek. Die aantal kamers het gekrimp tot 2 of drie ¹⁾ en op die voorste punte het die hartbeeshuis sy verskyning gemaak. ²⁾ Die huisraad was hier eenvoudig en selfgemaak, 'n emmer water en 'n kalbas het die tafelkristal vervang en die velskoen, velbroek en velthoed was hier in hulle natuurlike huis, hoewel daar nog altijd die kisklere was. Die boekery was ingekrimp tot Bybel, 'n paar Psalmboeke, a' Brakel, Smytegeld, 'n A. B. C.-boek en die Trap der Jeugd. Hulle rykdom was vee, en die kondesie daarvan het hulle beweginge baie beïnvloed. Was dit gesond en het die grensboer daarby 'n goeie vrou en 'n lewendige klompie kinders gehad, dan was sy geluk volmaak. ³⁾

Hulle innige godsdienssin het daarby 'n geheel gemaak van hulle lewe. Die nooit voldane van diegene wat die tempel van die wetenskap betree het, was hulle vreemd, en hierdie faktor was dit wat, meer as enige ander, hulle idees oor opvoeding en onderwys rigting gegee het, sodat ook dit vir hulle 'n afgeronde, opsigselfgenoegsame geheel geword het, aanpassende by die eenvoudige lewe onder die bestiering en beskerming van die „voorsienigheid”. Smorens vroeg, by die eerste daglemier het hulle psalmgesang oor die velde weerklink en na die aandete is die dag weer afgesluit met 'n hoofstuk uit die groot famieliebybel, een Psalm of gesang, soms ook 'n lied uit Willem Sluyters, waarna die vader sy huisgesin en hawe weer aan die beskerming van die Almag opgedra het. ⁴⁾

Die onderwys nodig om tot hierdie manier van lewe voor te berei was min. Die godsdiensstige grondslag en doel van die onderwys was reeds deur van Riebeek gestel. Dis nie alleen toeval wat dit aan die sieketrooster opgedra het nie, en die lewendige belangstelling van die Kerk in die Opvoeding in Suidafrika deur die volgende eeue heen is nog 'n regstreekse voortsetting van daardie begin. Die

¹⁾ Cape Monthly Magazine: July-Dec. 1859; bls. 268.

²⁾ Sien beskrywing in die verklaring van J. H. Stander, afgedruk in Voor-trekermense III; deur Gustav S. Preller; bls. 75. Vgl. Stuart: De Hollandsche Afrikanen; bls. 374 en Spoelstra: Ons Volkslewe; bls. 66, vv. Ook dagboek van Louis Trigardt: Preller; blss. 57, 58, 59.

³⁾ Cloete: History of the Great Boer Trek; bls. 6. Cape Monthly Magazine July-Dec. 1859; bls. 268.

⁴⁾ Bladen Uit de Memoirs van Petrus Borcherdus Borchers.

simpatieke van der Stel het in die gees van van Riebeeck voortgewerk. ¹⁾ Die onder hierdie invloed gegroeide gewoontes en vasgestelde regulasies, was in 'n groot mate onderskryf deur de Chavonnes, wat in 1714 Goewerneur geword het; hy het dit gesistematiseer en by ordonnansie vasgelê. Die basis het vir meer dan 150 jaar die leidende gedagtegang bly aangee, in sake wat betrekking het op opvoeding en onderwys, vir 'n nie onbelangrike gedeelte van Suidafrika se blanke bevolking nie en vir 'n oorwegende gedeelte van die bevolking van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

Vir die uitvoering van die mienimum vereiste het die Kerk, direk of indirek, gesorg. Vir toelating tot die lewe, vir voltooiing van die opvoeding van die dae, was die enige toets of die kind bekwaam was om as 'n mondige lidmaat van die Kerk opgeneem te word. Die aanneming het dus geword die admissee tot beide Kerk en Staat. Daarby was dit onmoontlik gereken om te trou sonder aangeneem te wees; 'n verdere prikkel dus om aan die eise van die Kerk te voldoen, 'n faktor wat hom gedurende die hele bestaan van die Z. A. R. in hoë mate laat voel het. ²⁾ Aan die gestelde mienimum het die Kerk hom onverbiddelik gehou, ³⁾ en hieraan alleen het ons dit te danke dat ons vandag in Suidafrika, vergeleke met ander lande, geen analfabete het nie; later sal dieselfde faktor oorsaak word dat die ontwikkeling in baie gevalle nie bo die mienimum kom nie. ⁴⁾

Tog het die buitemensse maar swaar gekry om net 'n skyntjie van die mienimum opvoeding aan hulle kinders te verskaf, want afstande het samewerking beswaarlik gemaak. Nieteenstaande die bemoeiing van van Imhoff in 1743 tengunste van kerklike kon-

¹⁾ Onze Eerste Scholen, 'n Referaat van Prof. Dr. L. Fouche; o.a. afgedruk in Het Kristelike Schoolblad, Dl. XI, No. 126 van 1 Julie, 1910; blss. 4—7.

²⁾ Cape Monthly Magazine: Vol. VIII; 1874, bls. 375.

³⁾ Sels by hulle besoek in die Tv. in '53 het Ds. Murray van die aannemeling wat hulle in Potchefstroom ondersoek het gesê: — „Myne aannemelingen konden bykans allen lezen. Slechts dezen werden tot het verder onderzoek toegelaten”. — en verder. „Daar zy echter by het onderzoek naar hunne bybelkunde, wat gebrekkig bleken te zyn, en ik na drie maanden andermaal in hun midden hoopte te wezen, stelde ik de aanneming uit”. Stuart: aangeh. w. bls. 369.

⁴⁾ Sien gedurende die periode 1892—1900 die opposisiesie teen Mansvelt se verwydering van ongekwalifiseerde onderwysers. Ook President Kruger se aansprake in die V. R. in '88, '89 en '90.

trole¹⁾ en van Splenlin in 1788, wat die „scholarchen” aan die werk gesit het, was daar geen verbetering vir hulle toestande nie²⁾).

Tydens die eerste Britse besetting was daar geen wetgewing op onderwys nie. Na die teruggawe het de Mist een veelomvattende ordonnansie samegestel³⁾). Dit was egter nooit geheel in werking nie⁴⁾ en het boonop nog die destydse einddoel van die onderwys op die platteland skroomlik verwaarloos⁵⁾). Gedurende die tweede besetting het, na aanleiding van ’n rapport van Sir John Truter, Goewerneur Cradock ’n poging aangewend om ook die distrikte in die skoolnet te vang⁶⁾). Die skole deur hom opgerig, selfs in die dorpe, het misluk⁷⁾), deels deur die Engelse gees daarvan.

Toe in 1822 algehele verengelsing die doel geword het, is die teenstruweling vermeerder en die sluiting van skole veelvuldiger geword⁸⁾). Die 2372 kinders in 1827 in distrikskole, was maar ’n klein persentasie van die van skoolgaande leeftyd⁹⁾). Eindelik het die publiek en die pers begin insien in watter rigting die fout lê¹⁰⁾). Die resultaat van hierdie belangstelling van ’n nuwe skema van die „Bible and School Commission”¹¹⁾). Dit het in 1835 in werking getree, maar gebeurtenisse op die grense het reeds hulle beslag begin kry, en die invloed daarvan sou nie meer gevoel word deur die potensieële burgers van die Z. A. R. nie.

DIE RONDGAANDE ONDERWYSER.

Waar die Regeringsskemas en bemoeiinge die grensboer maar baie min beïnvloed het, was sy enige steun die rondgaande onderwyser. Dit was gewoonlik ’n gewese matroos, soldaat, mislukte boer, mislukte student van oorsee, immigrant wat nie teen landsomstandig-

1) In 1769 onder van Tulbagh is dit weer probeer maar die gedurige uitbreiding van die Kolonie het dit onmoontliker gemaak as ooit.

2) Watermeyer Rapport; bls. 8.

3) Watermeyer Rapport; Appendix V., bls. 10.

4) Slegs ’n gedeelte daarvan is gepubliseer in die Kaapsche Courant tussen 19 Maart en 18 Mei 1805. Dis na die tweede besetting nie voortgesit nie.

5) Sien Theal hieromtrent.

6) Hierdie rapport is ingesluit by Dr. Innes se eerste rapport.

7) Watermeyer Rapport; Appendix V., No. 16.

8) Theal: Progress of S. Africa in the Century; bls. 146.

9) Watermeyer Rapport; Appendix V., No. 30.

10) Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift: 1834; blss. 6—22.

11) Government Gazette: 18th July, 1834. Watermeyer Rapport, Appendix V., No. 20.

hede bestand was nie, en dgl. ¹⁾ Baie van hulle het nie sedelik hoog gestaan nie. ²⁾ Tog het die mense in baie gevalle aan hulle die voorkeur gegee bo dorpskole of Goewerments-onderwys. Verskillende redes het hiertoe bygedra. Ten eerste was hulle vir 'n' lang ruk die enigste wat verkrygbaar was. Die famieliebetrekkinge het baie keer al 'n begin gemaak met die A. B. C. ³⁾ As dan een van die kinders oud genoeg is vir die aanneming word 'n meester gehuur, wat dan vir drie of ses maande alle kinders van die gesin onderwys, maar veral konsentreer op die aannemings-kandidaat, sodat hy stotend 'n bietjie kan lees, op 'n manier sy naam kan teken en miskien so'n bietjie kan sing. Dan is daar weer betreklike rus op die plaas totdat daar weer een oud genoeg is vir die lidmaatskap. Op hierdie manier het kinders gou volleerd gewees, terwyl die leertyd in die sistematiese dorpskole jare geneem het en hulle daarby nog sulke vermeende oortollige goed soos aardrykskunde, geskiedenis en Engels moes leer. Die ou manier was dus baie geriefliker en die meester het daarby soms ook nog handig ingekom met die plaaswerk, ⁴⁾ en uiteindelik, waarom moes die arme kind dan ook meer leer as sy ouers?

Die salaris van hierdie klas onderwyser het gevarieer met die persoon. Party het net vir kos en klere gewerk, terwyl ander 'n vaste tarief in vee, eetware, geld of aldie gehad het. Baie het tussen 10 en 20 Rds. per maand ontvang.

Aangesien so'n skool selde langer as ses maande geduur, en die aantal kinders selde oor die dosyn gegaan het, was 'n permanente skoolgebou onnodig. n' Kamer of gedeelte van die voorhuis, selfs die waenhuis, was gebruik. ⁵⁾ Ventilاسie of beligting was selde in aanmerking geneem en dit was vir daardie kort periodes dan ook

¹⁾ Theal: Progress of . . . bls. 60. Garrett Fisher: The Transvaal and the Boers; bls. 45. Het Zuid-afr. Tydschrift: 1884—1885; bls. 131. Cape Monthly Magazine: Vol. VIII, 1874, bls. 375.

²⁾ Het Z.A. Tydschrift: 1834, bls. 15. Garrett Fisher: aangeh. w., bls. 45.

³⁾ Inleiding van Preller tot „Herinneringen van Fernandus Paulus van Cas” in Voortrekkermense I; bls. 210. Vgl. Verklaring van P. J. Botha; in Voortrekkermense III, bls. 64.

⁴⁾ Het Z. A. Tydschrift: 1834; blss. 15, 16. Cape M. M.: Vol. VIII, bls. 375. Inleiding tot „Herinneringen van Lourens Christian de Klerk” in Voortrekkermense I; Preller; bls. 210.

⁵⁾ C. N. J. du Plessis: Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaners; bls. 316. Cape M. M.: Vol. VIII, bls. 375. B. H. van Bremen: Schetsen en Beelden uit Zuid-Afrika; blss. 10, 63.

nie so besonder belangrik nie. Skoolmeubels was primitief. 'n Paar planke op een of ander manier ondersteun was 'n tafel, en kassies, veldstoeltjies of planke het as sitplekke gedien. ¹⁾

Skoolbehoefte het meester self vir n' groot gedeelte vervaardig. Uit gansvere het hy penne gesny, leeshoutjies het die kinders self gemaak. Van 'n stuk lood is 'n potlood gesny. Ink het hy uit bessies gekook of van kruit en asyn samegestel. ²⁾

By die groot verskil in ontwikkeling van die meester was daar verskil in behandeling van leerstof, maar by die gemeenskaplike doel was daar 'n groot eenvormigheid, veroorsaak veral ook deur die uniwersele skoolboeke: — A.B.C.-boek, A.B.-jab -boek, Trap der Jeugd, Vraeboekie en Bybel. Skryfonderwys was heeltemal sekondêr, maar almal het tog geleer om hulle naam te teken. Rekenkunde het daar baie keer by ingeskiet, want dit was nie vir die aanneming nodig nie.

'n Rooster van werksaamhede was 'n onbekende iets. Tog het party 'n gangbare indeling van hulle werksaamhede gehad. ³⁾ Disipliene was nie 'n moeilikheid in die dae nie. By die geringe aantal kinders was daar ook nog die grootste vrees vir die meester, want laasgenoemde moes slaan anders was hy nie 'n ware opvoeder nie. ⁴⁾ Die straf was reeds op konvensionele manier toegedien, op die hande of die velbroek ⁵⁾ en „oorvygen” was ook bekend. ⁶⁾ Vir meisies was geen uitsondering gemaak nie.

In die skool self was meester aan min konvensies gebonde. So lees ons van een wat sy herkoms nie verloën het nie, en vanuit 'n hangmat die verrigtinge gedirigeer het. Hulle het in skool pyp gerook, knope gesny, skoene gemaak, ens. ⁷⁾

In sommige gevalle het Kategetiese onderwys en ook die huisgodsdien onder die meester se pligte geval, sowel as die optrek van testamente, uitskryf van geslagsregisters, ens. ⁸⁾ Een van die onderwysers uit hierdie tydperk moet ons noem, want hy het later 'n belangrike rol gespeel in die onderwys op trek en in Natal, n.l.

¹⁾ B. H. van Bremen: aangeh. 4; *ibid.* Plessis: bls. 322.

²⁾ Cape M. M. Vol. VI, 1873; bls. 131. Plessis: Blss. 317, 318, 323.

³⁾ Plessis: blss. 319, 322, 323. Cape M. M.; VIII, 1874, bls. 377.

⁴⁾ B. B. Spoelstra: *Ons Volkslewe*; bls. 61.

⁵⁾ Plessis: bls. 318.

⁶⁾ do 322.

⁷⁾ do. 323. *Dagboek van Louis Trigardt*: bls. 83.

⁸⁾ Cape M. M.: 1874, bls. 375. *Het Z. A. Tydschrift*: 1887—1888; blss. 224, 225.

Erasmus Smit.¹⁾ In 1830 het hy onderwys gegee in die Olifantshoek, waar hy later bygestaan was deur sy twee seuns.²⁾ Sy peil van ontwikkeling het hom egter ver bokant die gewone meester geplaas. Dit was tog slegs uit nood dat hy „geskoolmeester” het.

Hierdie tiepe van skoolmeester en skool was verantwoordelik vir 'n baie groot gedeelte van die onderwys in die later Z. A. R. maar omdat metode, standaard van kennis, ens. byna nie verander het, word dit nie opnuut behandel nie.

Al die grensboere het hulle egter nie op die rondgaande onderwyser verlaat nie, want so hier en daar tref ons al die kern aan van 'n skoollosieshuis, wat kinders van die grense geherberg het.³⁾

REGMAAK VIR DIE TREK.

Die kafferpolitiek en 'n opeenhoping van ander griewe, o.a. ook die verengelsing deur middel van die onderwys, het die lewe vir die grensbewoners gaandeweg ondraagliker gemaak en hulle uit-houdingsvermoë het omstreeks 1834 sy toppunt bereik, en die besluit om onder die Engelse juk weg te trek het by vele vas geword. Drie kommissies is uitgestuur om die hoër geleë land te ondersoek en nà hulle terugkeer het die Groot Trek begin: geen ordelose, spontane uittoeg van onsamehangende bestanddele nie, maar die resultaat van sorgvuldige voorbereiding.⁴⁾ Tabantsjoe sou die voorlopige bymeakaar-komplek wees, hier sou 'n voorlopige staatsreëling getref word.⁵⁾ Die trek was nie geïnspireer deur haat teen die Engelse volk of die Engelse taal nie, maar teen die wanbestuur, resultaat van impulse wat oorkant die see hulle oorsprong gehad het.

¹⁾ Erasmus Smit is gebore in Amsterdam, Holland, in 1778. Is as sendeling opgelei. In 1802 het hy as sulks na Suidafrika vertrek. Omdat hy ongeordend was is hom verbied om oefening te hou. In 1814 het hy in diens getree van die Londense genootskap, en was onder die Boesmans werksaam gewees. Na 1830 kon die genootskap hom nie langer onderhou nie en toe het hy onderwyser geword te Olifantshoek. In 1836 is hy met Maritz saam op kondiesie dat hy leraar sou wees. In '37 is hy deur Retief bevestig en in '39 is dit deur die Raad van Natal bekragtig. In '40 is hom 'n pensioen van 600 Rds. toegeken en in '43 is hy in P. M. burg oorlede.

²⁾ Herinneringe van Aletta, Bernhardina Oosthuyzen-Rudolp: in Voortrek-kermense III; bls. 139.

³⁾ do blss. 125, 126, 122, 129.

⁴⁾ Voortrek-kermense III; bls. 271. Bird I; bls. 230.

⁵⁾ Voortrek-kermense IV; bls. 272, 273.

Die plase het hulle aan hulle lot oorgelaat ¹⁾, slegs min huisraad is saamgeneem op die waens, wat alles en almal moes herberg. Die edelste van die volk het aan die trek deelgeneem. ²⁾ In die grensdistrikte begin, het dit sig deur die famielieskakel uitgestrek tot in Kaapstad. ³⁾ Toe Napier die gevolge begin besef, het hy alle poginge aangewend om dit teë te gaan of ongerieflik te maak. Diensbodes is van hulle weggeneem sodat die kinders vee moes aanjaag en dryf. ⁴⁾ Die hulp van die predikante is selfs teen hulle ingeroep, maar nieteenstaande boetpredikasies en onthouding van die sakramente is die trekkers met Bybel en Gesangboek in die hand die wildernis in. ⁵⁾

Tot die eerste dinge, wat die trekkers vir hulle wou verkry het, het behoor die diens van 'n geordende leraar en daarna onderwysers. Hierdie het by die trekkers in nou verband gestaan. In hulle eerste begeerte het hulle nie geslaag nie ⁶⁾, in die tweede opsig was hulle gelukkiger, maar genoeg onderwysers het hulle nie kon saamkry nie.

¹⁾ Herinneringe van J. H. Hatting, Snr: Voortrekkermense I; blss. 115, 116.

²⁾ Dr. W. J. Leyds: De eerste Annexatie van Transvaal; bls. 37. Chase: I; bls. 106. Moodie: I; bls. 384. Uys-bybel; opskrif. De Klerk: Voortrekkermense I; bls. 243. Het Z. A. Tydschrift: 1836; blss. 399, 400.

³⁾ Verhaal van Dirk Uys: Argief, Pretoria R 95/84; afgedruk in Voortrekkermense I. Staatsalmanak der Z. A. Republiek: 1895; bls. 252. Voortrekkermense I; bls. 243.

⁴⁾ Hatting: in Voortrekkermense I; bls. 119.

⁵⁾ Dat die bedreiging nie net woorde was nie, blyk duidelik uit die feit dat toe Ds. Taylor van Cradock, die trekkers wou besoek dit hom alleen toegestaan is deur die RING, op voorwaarde dat hy die sakramente nie bedien nie. Ongelukkig het party, o.a. Lauts: De Kaapsche Landverhuizers; bls. 38, die fout gemaak om die Ring „Sinode" te noem, en toe het Ds. Spoelstra met groot omhaal bewys dat die SINODE dit nie gedoen het nie, en as resultaat noem hy die Taylor-saak 'n legende. Sien in verband hiermee die verklaring van Ds. v. d. Hoff, aangehaal deur Ds. M. Godefroy in sy polemieek „De Kerkkwesie", bls. 32, en ook De Volksstem van 6 Maart en 11, 15 en 19 April, 1917. Ook Elpis; Dl. II; 1858; bls. 6 en die afdoende bewys re die kern van die Taylor-saak in Een Historisch-Kritisch Onderzoek Historisch-Kritisch onderzocht; van S. P. Engelbrecht.

⁶⁾ Ds. v. d. Lingen van die Paarl het daar sterk aangedink om die trekkers te hulp te kom, maar later het hy die plan wat seker min byval by sy kollegas gevind het laat staan. Sien briewe van A. J. Pretorius aan Ds. v. d. Lingen, dd. Sneeuwberg 8 Junie en 23 Julie '38. Beide in Argief, Pretoria.

DIE TRIGARDT-TREK.

Hierdie eerste afdeling is in verskillende opsigte eenaardig. Reeds lank het Trigardt sy vee oor die grense gehad onder sorg van sy seun Carl, en self is hy in 1833 soheentoe. Die oorlog tussen Hintsa en die Engelse het hulle weer verder laat trek. ¹⁾ Aan die Bamboesberge het hy die Uys-kommissie ontmoet, en later het hy die Scholtz-kommissie gesien. ²⁾ Met hulle informasie omtrent die land het hy besluit om Soutpan-toe te gaan. Van Rensburg se afdeling het hy ook ontmoet en het vir 'n rukkie met hulle saamgetrek. Eersgen. is egter alleen verder, omdat Trigardt op Potgieter wou wag.

DIE EERSTE SKOOLMEESTER BENOORDE DIE VAAL.

By Trigardt was ook sy onderwyser, Daniel Pfeffer. Hy is een van die, wat gaandeweg lid geword het van die boer se huishou en nie vir 'n gereelde salaris gewerk het nie. ³⁾ Sy leerlinge was omtrent 20 — dis die kinders — want ook volwassene het soms die skool besoek. ⁴⁾ Op trek is nie veel aan onderwys gedoen nie, maar te Soutpansberg is, netsogou as die nodige hartbees-woonhuise klaar was, met die sorg vir die onderwys begin.

DIE EERSTE SKOOL BENOORDE DIE VAAL.

Donderdag die 23ste Maart '37 het hulle begin hout aansleep vir 'n hartbeesskool. ⁵⁾ Die 28ste was die skool klaar. Deur gebrek aan bediendes is die skool pas die 22ste April geopen. Opmerklik is dit dat 'n paar basterkinders van Albach, 'n Fransman, wat tot die party behoort het en met 'n meid geleef het, ook in die skool opgeneem is. ⁶⁾ Die skool is op 'n Saterdag begin. Miskien is op Sondag ook wel skoolgehou, want dit skyn asof hierdie trek-na die uiterliknie aan die begin die vroomheid getoon het wat volgende groepe kenmerk nie. ⁷⁾

Die disipline van die ou meester — Pfeffer was al 77 jaar oud —

¹⁾ Herinneringe van Karel Trigardt: Voortrekkermense II; blss. 5, 6. Dagboek van Louis Trigardt: Inleiding van Preller; bls. LXXIX.

²⁾ do. do. do. Ook Voortrekkermense I; bls. 273.

³⁾ Dagboek van Louis Trigardt; Woensdag, 19 Julie 1837.

⁴⁾ do.; bls. XCVIII.

⁵⁾ do. onder gen. datum.

⁶⁾ do.; 22 April, 1837.

⁷⁾ do.; 25 Junie, do.

was nie meer goed nie, en skoolbesoek was, in die oestyd veral, nie te gereeld nie.¹⁾

Aan die end van Mei '37 is besluit om die dorpie ? na 'n geskikter plek te verlê en die eerste skoolgebou is aan sy lot oorgelaat. Vóór die helfte van Junie was hulle alweer op die nuwe plek en omstreeks 17 Junie is begin met die tweede skoolgebou; die 26ste was dit gereed en die 27ste het die lesse alweer begin. Hierdie gebou was egter maar baie klein, sodat as groter kinders in die skool gebring was, die kleineres daar vereers weer moes uit. 'n Getroude vrou het hier ook skool gegaan. Lank het die onderwys ook hier nie geduur nie, want die omringende kafferstamme het vyandig begin word, sodat Trigardt maar besluit het om rus en vrede te gaan soek by die goedgesinde Portugese aan die Baai. In Augustus het die groot tog begin. Die kinders was dit naderhand al moeg, want op die oggend van Kersdag 1837, het Trigardt tot die ontdekking gekom, dat in die nag drie van hulle weggeloopt het, met hulle nemende o.a. 'n rol tabak van hulle meester benewens ander artikels van hom. Hulle het egter na 5 dae weer teruggekeer.

So het die vermoeiende reis nog drie maande aangehou en op 13 April 1838 het hulle by die Fort van Delagoabaai aangekom. Die 17de het die koors hulle aangetas en ook Pfeffer het siek geword en onder Saterdag die 21ste teken Trigardt aan:

„Met hanekraay is ouwe Daniel overleden, in den ouderdom van 78 jaar, 2 maanden en 7 dagen. . . . Ik liet hem begraven en betaalde zyne begrafenis.”

In stille tevredenheid het hy sy lewe gewy aan die onderwys van die jeug van die voorste Voortrek. Snel is baie ander afgemaai en die 19de Julie is die weinige oorlewendes in Port Natal aan land gesit.²⁾

DIE VOLGENDE TREKKE.

Gedurende 1836 het baie trekke in beweging geraak. Aan die end van die jaar was uit die Olifantshoek en Winterberg weg 93 waens, waarby 222 kinders was.³⁾ As ons stel dat die ver naamste trekke 1000 waens getel het, moet daar dus 'n goeie 2000 kinders gewees het. Die onderwysers wat saamgegaan het was nie in verhouding met hierdie getal nie. Ons meen daar was hoogstens

¹⁾ Dagboek van Louis Trigardt; 3 Mei, 1837.

²⁾ Die Mazeppa: Zuid-Afrikaan; 15 Julie, 1839.

³⁾ Het Z. A. Tydschrift; 1837; bls. 157.

7 of 8. By die Potgieter-trek was Macdonald ¹⁾, wat saam met die Liebenberg-afdeling vermoor is. Tielman Roos was by die Kruger-groep. ²⁾ Maritz was die beste af, wat, nadat die predikante onwillig was, die gewese sendeling Erasmus Smit saamgebring het met die belofte dat hy, hoewel oud en sieklik, hulle leraar sou wees. ³⁾ Hierdie voorreg is egter deur die teëwerking, wat weldra ontstaan het, geneutraliseer. Smit was n.l. nie georden nie. Sy vrou het ook baie saamgehelp. By Retief hoor ons net van skoolmeester Alfred Smith. ⁵⁾

Toe Retief by die ander trekke aangekom het, was daar onenigheid tussen Potgieter en Maritz, maar dit het hom geluk om 'n versoening te bewerk. ⁶⁾ Daarna is op 'n volksvergadering Retief tot Goewerneur van die verenigde laers gekies. Die eerste saak, wat hy in orde gebring het, was die reëling van die godsdiensonderwys en die bediening van die Kerklike sakramente. ⁷⁾ Hieromtrent was daar nog groot wanorde tengevolge van die groot opposisie teen Smit. Na baie moeite het Retief — by gebrek aan 'n predikant — self Smit bevestig „als eerste leeraar voor de reizende gemeente van de Gereformeerde Kerk naar Port Natal.” ⁸⁾ Die 6de Junie e.v. het die Goewerneur sy ampseed afgelê en is ook die eerste vrye grondwet goedgekeur. ⁹⁾ In hierdie dokument word geen melding gemaak van Godsdien of Onderwys nie, wel word bepaal dat absoluut gebreek word met die Engelse Sendinggenootskap. Hierdie tekortkoming het Smit ingesien ¹⁰⁾ en die e.v. Sondag het Retief dan

¹⁾ Verklaring van J. G. S. Bronkhorst, in Chase: I; bls. 74. Moodie: I; bls. 378.

²⁾ Memoirs of Paul Kruger: bls. 13.

³⁾ Dagboek van Erasmus Smit: 20 Junie, 1837.

⁴⁾ do.: 10 Okt., 1838. De Klerk: Voortrekkerense I; bls. 239. Brief van J. N. Boshoff: in Moodie; I, bls. 550.

⁵⁾ Moodie: I; bls. 382, voetnoot. 'n Mens sou hier geneig wees om te dink dat Moodie 'n fout maak en Erasmus Smit bedoel. Dit was ook Preller se eerste suggestie toe die skrywer sy aandag daarop vestig; maar net die volgende blad sy spreek Moodie oor Erasmus Smit. Vir hom was dit dus twee verskillende persone. 'n Vergissing is in hierdie verband ook onwaarskynliker want die naam kom voor by 'n opsomming van die persone met wie Retief uit Winterberg weg is. Erasmus Smit was egter al vroeër saam met Maritz.

⁶⁾ Moodie: I; bls. 383.

⁷⁾ do.; 384.

⁸⁾ Dagboek van Erasmus Smit: 21 Mei, 1837.

⁹⁾ 'n Afskrif van hierdie nege artikels berus in die Argief, Pretoria. Dis ook afgedruk as bylae II van Voortrekkerense I.

¹⁰⁾ Dagboek van Erasmus Smit: 7 Junie, 1837.

ook die „Heilige Eed” in die Kerk afgelê, terwyl hy sy hand gehou het op die plek in die Heidelbergse Kategismus waar staan „of ’t onderwys van de Christelyke leer, die in de Nederduitse Gereformeerde Kerken en Scholen gebruikt wordt, mitsgaders de belydenis des geloofs bestaande in 37 artikelen en de Liturgie derzelve Kerken,” terwyl hy in die eed beloof het om die Kristelike Geloofs-belydenis na inhoud van art. 36 aan te kleef, ook dat hy niemand sal toelaat in die Kerklike of Burgerlike Regering „als die lidmaten zyn der voormelde Gereformeerde Kerk en van hun goede getuig-schriften voorzien zyn.”¹⁾

Hierdie invoeging by die eed van die Goewerneur is vir ons van die grootste belang, want hierdie verband tussen Kerk en Staat aan die één kant en Kerk en Onderwys aan die ander, sou vir baie jare die leidraad aangee vir alle wetgewing op onderwys — dikwels indirek, aangesien dit onderworpe was aan die Kerk — wat in die toekomstige Republiek en republieke sou gegee word.

Van nou af tref ons Smit by Retief aan, omdat hy by Maritz gehaat was.²⁾ Nadat die grootste gedeelte van die trekke af is Natal in, het in die groot laers, wat teen wil en dank getrek moes word, die onderwys weer meer aandag geniet en Erasmus Smit, moeder Smit en ander meesters, soos b.v. Wynant Maré, het so nou en dan ’n rukkie onderwys gegee, hoewel dit skyn asof daar baie goeie tyd verlore gegaan het.³⁾ Dit was grootliks die gevolg van die moeite en verdriet, wat die trekker se lot by „uitnemendheid” was.⁴⁾ Temidde van dit alles het die kinders opgegroeï; ’n lewe wát hul gehard en gebrei het. Vroeg moes hulle saamhelp en verantwoorde-like werk doen; wildediere het hulle daagliks bestry en vroeg het hulle deelgeneem aan die gevegte. Hierdeur was die kinders van die trek „meer algemeen en selfstandig ontwikkel” as vandag se kinders.⁵⁾

¹⁾ Dagboek van Erasmus Smit: 4 Junie, 1837. Sien ook onder 7 Junie.

²⁾ do.: 7 en 8 Julie, 1837.

³⁾ Brief van J. N. Boshoff: in Moodie; I, bls. 550. Dagboek van Erasmus Smit: 1 en 10 Oktober. Hy noem die dame wat die skool begin „Juffr. Smith”. Selfs al is dit geen drukfout nie, dan is dit waarskynlik ’n skryffout. Dit neem Preller ook aan, sien sy aantekening by 10 Okt. in Voortrekkermense II: bls. 244. Tog sou dit snaaks wees as hy sy eie naam verkeerd gespel het. Versigtiger moet ons nog wees omdat daar regtig ’n onderwyser met die naam Smith met Retief uitgekóm het. Daar hierdie dame egter skoolgehou het in ’n tent wat vasmag maak was aan die van Smit lyk dit tog weer of dit sy vrou moet gewees het.

⁴⁾ A. E. Steenecamp; in Voortrekkermense I, blss. 30—48.

⁵⁾ Preller; Voortrekkermense I, bls. 210.

Die onderwys het tog maar vir 'n baie groot deel op die ouers geval, want bymekaarstaan in laers was nou eenmaal vir die trek- kers onmoontlik. ²⁾ Die skooltyd was smorens vroeg vóór sonop en saans by kerslig, want dan was die kinders nie by die vee nodig nie. Die onderwys was hoofsaaklik tot lees- en sangonderwys beperk en die Godsdienstonderwys het daar vanself telkens deel van uitgemaak. ³⁾

So het dus die leerplan van die vroeër meester in die Kolonie, die meester op trek, en die ouer voor, gedurende — en so het dit ook gebly na die trek — tot doel gehad om die kind mondig te maak vir die lewe van sy tyd en omgewing.

In Junie, 1838, was Jacobus Boshoff as President van die „Raad van Representanten” gekies. In November het Genl. Andries Pretorius by die laers gekom en het die militêre leiding op sy rekening gekry en op 16 Des. is Dingaan verslaan en die 16de Jan. e.v. het die trek na 'n rustige verblyfplek begin. 'n Gedeelte is na Port Natal, die meerderheid na Pieter Maritzburg, ⁴⁾ 'n dorp waarvan die aanleg goedgekeur was deur die Raad in Oktober '38. Al gou is die Natalse Grondwet bekragtig. ⁵⁾ Hier word die grondidee van die eed toegepas, n.l. dat die Raad oor Kerk en Onderwys moet waak en dat die Holl. Geref. Kerk beskerm moet word en hoofkerk sal bly. „Een wakend oog” en „hoofdkerk” wys egter op 'n ander dan Erasmus Smit. ⁶⁾

Eerw. Smit het hom te P. M. Burg gevestig, waar hy officieel erkend gebly het as eerste leraar, hoewel in die praktyk 'n ander aangestel was om sy werk te doen. ⁷⁾ Later is hom 'n pensioen toegeken ⁸⁾ nadat Lindley — 'n sendeling van die Amerikaanse genootskap — die beroep na P. M. Burg aangeneem het. Laasgenoemde was besonder aktief en het selfs ook die mense in die Transvaalse en Winburgse besoek, waar hy binne twee maande

²⁾ A. E. Steenecamp: in Voortrekkermense II; bls. 41.

³⁾ Rompel—Koopman: Wat Mevr. Genl. Joubert vertelt; bls. 13.

⁴⁾ Dagboek van Erasmus Smit: 25 Nov. 1838; 6, 16, 17, en 31 Jan. 1839.

⁵⁾ Die datum van hierdie dokument is nie heeltemal seker nie. Preller het dit aangehaal (Voortrekkermense II. bls. 302) uit 'n losse byvoegsel van De Zuid-Afrikaan van na 15 Febr. en voor Des. 1839.

⁶⁾ Voortrekkermense I: bls. 302.

⁷⁾ Volksraadsnotule van die Republiek Natal: bls. 62.

⁸⁾ Die pensioen is hom later by sy aftree toegeken. In die lys van Publieke dienaars, wat end Okt. '43 aan Haar Majesteit se Kommissaris ingedien is kom die pos ook voor. Sien Bird: II; bls. 305.

279 lidmate aangeneem en 564 kinders gedoop het. ¹⁾ Direkte wetgewing op onderwys was daar in die Natalse periode om so te sê glad nie. Die differensiasie tussen Kerk en Staat moes nog groei en die plek van die onderwys was nog minder belynd. Die toestand word goed geskets deur die volgende Raadsbesluit van 3 Jan. 1840: —

„Art. 1. den Landds. de Klerk aan te schryven dat de heer David Franscoys Jacobs als ouderling en Chatigiseermeester is aangestelt op zyn voordragt en den heer Johs. Lods, du-Preez Veldt aan geene zyde der drakensberg.”

NEDERLAND EN DIE TREKKERS.

Onder die bedrywe deur het daar 'n nuwe faktor in die Maatskappy gekom wat vir meer dan driekwart eeu 'n diepgaande en baie belangrike invloed sou uitoeven op die ontwikkelingsloop van die pasontluikende nasie. Dit was die bemoeiing van Nederlandse maatskappye ten gunste van die emigrante.

Die nuusblaaië het die Trek ook in Holland bekend gemaak en o.a. het J. Swart, dosent en eksaminator aan die seevaarskool in Amsterdam, die nuus gevolg en in die Handelsblad het hy getrag om ook ander vir hulle stamgenote in die Natalse te interesseer. 'n Paar dae later het hy 'n besoek gekry van Mnr. G. G. Ohrig, van die Handelsfirma Klyn & Co, Amsterdam. Onder sterk aanmoediging van Swart het Ohrig die Brazilië uitgerus „om op zyne reis Port Natal aan te doen”; ²⁾ J. A. Smellekamp ³⁾ is aangestel as super-carga. Op 26 Maart '42 het die skip in Port Natal aangekom, en S. het die emigrante sy stukke oorhandig. Dit was in die vorm van 'n „Adres aan het EdelAchtb. Bestuur van Port Natal.” Opgetrek in die keurigste handskrif op 'n groot stuk pragtige papier met dubbelvergulde rande, afmeting 18 by 18 duim, het dit 'n groot indruk gemaak op die „Hollandsche Afrikanen.” ⁴⁾ Hy het ook baie van die nodigste boeke, o.a. bybels, saamgebring. Die vreugde was onbeskryflik. Met vlaggewapper en vreugdegesang is Smellekamp na P. M. Burg vervoer. ⁴⁾ Dit was te veel vir die Hollandse kantoorbediende en kantienhouer. Van Suidafrikaanse sake het hy dadelik alles geweet en sy woord was wet. Graag wou die verdrukke mense die beskerming erlang van die Nederlandse

¹⁾ Brd: II; blss. 358, 359.

²⁾ Stuart: aangeh. w., bls. 165.

³⁾ Engelbrecht I: voetnoot op bls. 25.

⁴⁾ Stuart: aangeh. w.; bls. 166.

Regering, en net asof hy gevolmagtigde van die koning was het hy ooreenkomste met hulle aangegaan, daar egter wel byvoegende „onder nadere goedkeuring van Z. M.” ’n Reëling vir ’n gereelde handelsverbinding was getref. Die vroom gestelde adres wat met die godsdienstigste bewoordinge aanvang, vra egter aan die end, net asof dit somar ’n alledaagse sakkie is, om, teneinde „wederzydsche belangen” te bevorder en „ter verwydering dus eener concurrentie” voorregte wat min of meer neerkom op ’n handelsmonopolie in die land wat vandag Vrystaat, Natal en Transvaal is. Nie heeltemal ten onregte nie, merk daarom „Her Majesty’s Minister at the Hague” in sy verslag re hierdie saak dan ook op dat Mnr. Swart se godsdienstige ywer vergesel skyn te gewees het van baie wêreldse berekening. ¹⁾ Hier het die trekkers daar skynbaar nie die minste vermoede van gehad nie.

Die Brazilië was al op sy verdere reis vertrek en daarom het hulle S. tot in die Kolonie weggebring om hom gouer Holland te laat bereik, om hom in die geleentheid te stel aan sy menigvuldige beloftes, o.a. die uitstuur van onderwysers en predikante, uitvoering te gee.

Die emigrante het hier die hoop al vergoed opgegee. Ds. v. d. Lingen, wat eers miskien „geïnklineer” het om self hulle tegemoet te kom het hulle uiteindelik geen hoop op hulp gegee nie; die voor-genome besoek van Di. Reid en Taylor was deur die *Ring* van Graaff-Reinet verydel: ²⁾ Ds. Albertyn het hulle beroep van die hand gewys; die enigste uitweg, wat dus nog oop was, was Holland, wat reeds so bo verwagting belangstelling getoon het. Wel het hulle ’n aanbod van Amerika gehad; maar die fondament van hulle Kerk het in Nederland gelê. S. het dus ’n brief, dd. P. M. Burg, 28-4-42. saamgekry aan Swart, waarin o.a. voorkom:

„Terwyl het zwaarmoedig vooruitzigt, voor het aankomend geslacht, zonder onderwyzers, zonder leiding, zonder voorbereiding tot die plichten, waartoe ze eenmaal door de Staat geroepen zullen worden, ook algemeene neerslagtigheid veroorzaakt”.

Die eie staatsorganisasie begin dus reeds ’n wyer sfeer vir onderwys te sien. Verder sê hulle:

„Wanneer wy met twee leeraars en vooreerst met twee of drie schoolmeesters konden begunstigd worden, zou in onze eerste meest dringende behoeften voorzien zijn; waaromtrent ofschoon onze om-

¹⁾ Bird: II; blss. 126. 128.

²⁾ Vlg. Engelbrecht: I; bls. 24.

standigheden niet toelaten voor de eerste twee of drie jaren, een vast inkomen te bepalen, kunnen wij egter volle verzekering geven, dat hun niets zal ontbreken”.

As dinge wat hulle o.a. graag sou ontvang het, gee hulle die volgende: ¹⁾

„Een groote Kerkbijbel met onze gewone oude Kerkformulieren, en gebeden zooals in onze Hollandsche Kerken gebruikelijk. Psalmen, Gezangen, en het Nieuwe Testament, Oude en Nieuwe Testamenten. Eenige Predikatie-boeken, waaronder die van Kist, Bijbel-historie van van der Palm; van Lier. Schoolboeken voor eerstbeginnenden en meer gevorderden. Schrijfbehoeften, leijen, grifjes, enz.”

Die behartiging van die Kerk en Onderwysbelange het dus vooraan gestaan.

In genoemde brief aan Swart maak hulle ook melding van 'n vroeër brief aan die Amsterdamse Kerkraad. Ons kon nie uitvind of dit sy doel bereik het nie.

'n Baie belangrike punt in verband met hierdie eerste besoek van S. is die feit dat hy reeds hierdie keer 'n onderwyser agtergelaat het. ²⁾ Hierdie onderwyser het hom nie by sy werk gehou nie en het as opstoker van die boere teen die Engelse opgetree i. p. v. as skoolmeester, want toe S. by sy volgende besoek in '43 die landing in Port Natal belet is, het hy tog met groot satisfaksie verneem „dat de door mij daargebragte schoolmeester steeds ijverig besig was, de gemoederen gaande te houden, door geschriften als andersinds.” en oor dieselfde individu kla later Eerw. A. Faure ³⁾ in sy brief aan John Montague, dd. 4-1-44, dat sy verblyf aldaar nie vrede en geluk bevorder nie.

NATAL GEANNEKSEER DEUR ENGELAND.

Net 'n paar dae na die Brazilië na Java vertrek het, het die Engelse Port Natal opnuut beset. Die 24ste Mei het dit tot 'n botsing gekom. Na 'n wapenstilstand was die Engelse posiesie so verbeter dat by 'n nuwe aanval Pretorius dit moes opgee, en op 15

¹⁾ Sien aangehaalde brief.

²⁾ Stuart: bls. 178. Bird: II; bls. 361.

³⁾ Op 10 Sept. '43 is Eerw. Faure, in diens van die Britse Goewerment, met die „Thunderbolt” in Port Natal aangekom. Die verseëelde orders omtrent sy optrede het tegelyk H. M. Kommissaris vir Natal bereik. Bird: II; bls. 285.

Julie het die halwe Volksraad hul aan die Engelse onderwerp. Die land was nou weer in wanorde, die kaffers was orals opstandig, en die bietjie wat daar aan gereelde onderwys gedoen is, was weer vergoed onderbreek.

Na die formele anneksasie in '43 is Henri Cloete uitgestuur om o.a. plaastransporte te reël en die administrasie te organiseer. In P. M. Burg het 'n klomp vroue, wat hy in die hofsaaal sou toespreek hom vasgekeer en hom beduie dat hulle liewers kaalvoet oor die Drakensberg sou terugloop, dan hulle aan die Engelse oorheersing onderwerp. ¹⁾ Dit was werklik gemeen, want toe Faure gestuur was om te probeer om die anti-Engelse gees te besweer ²⁾ moes hy, tot sy groot teleurstelling, rapporteer ³⁾ dat dit nie net die bees- en skaapboere was, wat om geskikte weiveld te kry anderkant die berg getrek het nie, maar ook dat vyandige gesindheid teen die Britse Goewerment oorsaak daarvan was. Hierdie trek het vanaf die begin van '43 langsaam deurgegaan. Slegs één derde van die mense, en daaronder die armeres, het agtergebly. „De overigen verdeelden zich; een derde hunner bezuiden en twee derden hunner benoorden of over de Vaalrivier.” ⁴⁾ Eersgenoemde het hulle in Winburg gevestig. Vir die agterblywendes onder Pretorius het dit later ook onuithoubaar geword en toe Pottinger geweier het om laasgenoemde te ontmoet het hulle, grootliks verbitterd, weggetrek.

DIE EERSTE PREDIKANT VIR DIE TREKKERS.

Teen die middel van '46 het Ds. Stucki ⁵⁾ in Kaapstad aangekom. Teen die end van die jaar was hy deur die Goewerneur as predikant in P. M. Burg aangestel. Sy dood op die seereis van Kaapstad na Port Natal het die Natalse gedeelte beroof van 'n man wat waarskynlik meer in hulle smaak sou geval het as die wat hulle regstreeks uit die Kolonie kon kry.

Sir Harry Smith, wat Pottinger net opgevolg het, het getrag om

¹⁾ Preller: Voortrekkermense II; bls. 59.

²⁾ Ehgelbrecht: I; bls. 29.

³⁾ Bird: II; bls. 359.

⁴⁾ Stuart: bls. 148.

⁵⁾ A. C. Stucki is in 1807 in Utrecht gebore. Hy was in '33 klaar vir predikant, maar kon geen beroep kry nie; het in 1846, op raad van Ds. A. E. du Toit van Wellington, na Kaapstad vertrek. Hy is deur die Goewerneur benoem as predikant te P. M. Burg. Op die seereis na Port Natal is hy in die nag van 25 op 26 Jan. gedurende sy slaap oorlede. Sy vrou is alleen deurgereis na P. M. Burg.

die trek nog te keer. Aan die voet van die Drakensberg het die trekkers sy koms afgewag, maar slegs weinige kon hy oorhaal om terug te keer onder die Engelse bestuur. Daarop het Sir Harry Pretorius 'n proklamasie voorgehou, wat die land tussen die Oranje- en Vaalrivier en die Berge annekseer as die Oranjerivier-Soewereiniteit en hy het hom gesê dat hy voortaan die geestelike swaard sou gebruik waar die wêreldlike tekortgeskiet het. Al 'n jaar tevore het Pretorius hierdie alternatief voorsien, want dd. 6-3-47 het hy reeds geskryf ¹⁾ aan „Myne waarde Landgenooten” dat dit volgens die weduwee Stucki moontlik moet wees om 'n predikant uit Holland te kry as die reiskoste voorgeskiet word en sê hy:

„So gy een vrye volk wilde blyven zoude ik u stellig raden van den tegenwoordige leeraars hier of elders geen te nemen.”

Pretorius is nou Magaliesberg-toe om daar gerus en vry te leef.

Gedurende die tydperk 1843—1848 was onderwystoestande onder die gedeeltelik-trekkende Natalse boere weer hopeloos. Gelukkig het die ouers altyd hulle plig gedoen en Eerw. Lindley het tot '46 — toe het hy weer sy sendelingswerk opgeneem — baie nuttig werksaam gewees.

Van nou af verplaas die swaartepunt van die „Hollandsche Afrikanen” hom na die oorvaalse.

¹⁾ Aan die mss. is dit moeilik te sien of die datum van die brief is 6-3-41 of '47. Hy is in die Argief genommer as R. 47/41. Dat die stuk egter by '47 tuisshoor blyk o.a. uit dat hy spreek van die weduwee Stucki. Sy is pas end Jan. '47 aldaar aangekom.